# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | Januarie 1996 | Vol. 12

## DIE SWAARD OOR DIE SKOOL?

Een van die grootste dwalings wat tans in omloop is, is dat die staat die orde in die hele samelewing moet handhaaf. Christene beroep hulle veral op Romeine 13 om aan te toon dat God owerheidspersone gegee het om deur die swaard orde te handhaaf. Ongelukkig word hierdie orde, wat bedwinging van geweld en belastings insluit, oorspan sodat die staat ook onregmatige inspraak kry in ander samelewingsverbande. Die kerk, skool, huisgesin en staat se ordes verskil. Die straf van die staat is heeltemal anders as die straf in die ouerhuis. Hierdie beginsel van unieke ordes vir elke samelewingsverband is iets wat dringend weer op die voorgrond gestel moet word.

### Monopolie

Die dwaling dat die staat vir die orde in die ganse samelewing verantwoordelik is, veroorsaak dat die staat se mag bykans onbeperk en onbetwis word. Daar sal baie streng gewaak moet word teen 'n magsmonopolie van die staat met betrekking tot die handhawing van orde. Nie alleen sal die staat se mag ingeperk moet word tot dit waarvoor God die owerheidspersone daargestel het nie, maar die ander samelewingsverbande sal hulleself moet speen van die onordelike inmenging van die staat in hulle eie huishoudelike sake.

### Inmenging

Om bogenoemde punt duidelik te maak is dit nodig om 'n paar aktuele voorbeelde uit te lig. Tans het die staat bykans 'n algehele alleenbeheer oor die onderwys. Die staat swaai swaard en septer op dié gebied. Ons is al gewoond daaraan om van "staatskole" te praat, in onderskeiding van privaatskole. Tog is die woord "staatskool" 'n teenstrydigheid. Twee samelewingsverbande kan nie om dieselfde terrein meeding nie.

**Staatsinmenging is sigbaar** in die volgende:

— Die staat beheer die leerplanne, die opleiding en indiensneming van onderwysers.

— Die staat beheer ook selfs indirek watter rigtings 'n sekere hoeveelheid kinders mag studeer.

— Die staat bepaal die toelatingsvereistes, soos onder andere dat geloof geen rol daarin mag speel nie.

— Die staat het, nadat die Hunter-verslag oor onderwys 'n paar maande gelede uitgebring is, die bietjie ouerinspraak nog verder verminder tot geboue-instandhouding.

— Omdat universitêre opleiding baie duur is, en die universiteite baie van die staat afhanklik gemaak word, het die staat 'n ongesonde houvas op navorsing gekry. Dit blyk duidelik uit die aandrang van owerheidsweë dat die toelatingsvereistes vir universiteit verlaag moet word tot geletterdheid.

— Die staat matig homself die reg aan om sogenaamd burgers op te lei soos wat hy nodig en goed ag.

*In hierdie uitgawe:*


⋆ DIE SWAARD OOR DIE SKOOL?.. 1

⋆ Skrifoordenking:
ANGELS VAN SKERPIOENE
Ds. T.J.J. Kruger .................................. 3

⋆ DIE WIT TEOLOGIE (Deel 2)
Ds. G.J. Kruger .................................. 5

⋆ Boekresensie:
KERSFEES, PAASFEES, VANWAAR - WAARNATOE?
Jeannette Erasmus .............................. 10

## Ideologie

Wat in ag geneem moet word, is dat hierdie stelsel van staatsinmenging in die onderwys niks nuuts is nie. Inteendeel, die struktuur van inmenging het die afgelope dekades dieselfde gebly; al wat tans verander het, is die spesifieke rigting waarvoor die onderwys nou deur die staat aangewend word. Dat die staat tans ongehinderd so voortgaan is vanweë 'n bepaalde ideologie dat, die staat verantwoordelik is om die orde in die skole te handhaaf.

Hierdie staatsinmenging kan ook in ander samelewingsverbande uitgewys word, byvoorbeeld in die regspraak, in die kerke, as mens bv. dink aan die aandrang dat kerke gemeenskapsontwikkeling-gerig moet wees. Die ideologie van staatsinmenging, veral dan in die onderwys, moet aan die hand van die waarheid getoets word.

## Skoolreformasie

Die meeste ouers, selfs uit gereformeerde kring, stuur hulle kinders skool toe, hoofsaaklik met die oog op goeie opleiding om uiteindelik 'n goeie werk te verseker. Alhoewel dit op die oog af prinsipieël reg klink, moet daar teen dié siening beswaar gemaak word. God het die mens geskep en hulle op die aarde geplaas om Hom deur die skepping te leer ken.

## Heers en beheers

Dit is die rede waarom God ook 'n opdrag aan die mense gee om oor die aarde te heers en dit te beheers. Die eerste en hoofrede waarom kinders skoolonderrig moet ontvang, moet dus wees om hulle Skepper te leer ken, en dan nie net in Bybelkunde nie, maar in al die ander vakke. Dit is tog wat die verbondsbelofte by die doop van ons eis: om die kinders in die vrese van die Here te onderrig onder leiding van die Woord en die Gees. Die doop dring ons om die huidige praktyk van skoolonderrig heeltemal van die grond af te hervorm; daar moet ten sterkste weerstand gebied word teen die huidige neo-marxistiese transformasie van die skole. Hierdie reformasie moet volgens 'n paar beginselriglyne geskied.

## Roeping en beroep

Eerstens moet die ouers weer heeltemal in beheer kom van die skole. Die kinders moet ROEPINGS-bewus opgevoed word en nie net BEROEPS-gerig nie. Dit bring mee dat ander aspekte ook in ag geneem word soos: wat wil God hê moet ek met my lewe doen? Wanneer dié vraag biddend beantwoord is en 'n beroepskeuse gemaak is, kom dit dan vreemd voor dat die staat iemand toelating weier deur te sê daar is al te veel mense in dié rigting, die kwota is vol, en die staat benodig mense op ander terreine. Die staat mag nie die roepingskeuses bepaal van rigtings waarin gestudeer mag word nie. God roep die mens tot sekere take in sy skepping.

## Skoolorde

Tweedens is dit hoog tyd dat die skool hom ontworstel aan die wurggreep van die staat. Die eerste stap hiertoe is om 'n belydenis op te stel oor wat die Skrifwaarheid is in verband met die opvoeding van verbondskinders. So 'n belydenis wat neerslag vind in 'n neergeskryfde skool-orde sal 'n magtige wapen wees tot reformasie van hierdie beleërde samelewingsverband.

## Belastingkonsessies

Die ouer is derdens primêr verantwoordelik vir die opvoeding van die kind. Die skool is 'n eie samelewingsverband wat sy eie orde het, wat nie deur die staat gehandhaaf mag word nie. Net so min as wat die staat verantwoordelik is vir die handhawing van die kerk-orde, met so min is dit aanspreeklik vir die skool-orde. Dit bring mee dat die huidige staatsinmenging in die skole uitgeskakel moet word.

Die nuwe beweging vir reformatoriese onderwys moet een slaggat goed raaksien, naamlik staatsubsidies. Dit is baie aanloklik om die hand na die staatskas toe uit te reik, veral as dit druk gaan, maar die werklikheid is egter dat enige staatsubsidie gepaard gaan (al is dit indirek) met staatsdruk en -inmenging. Die onlangse aanstelling op die raad van die PUK is 'n sprekende voorbeeld. 'n Nuwe rigting moet ingeslaan word: eerder as om vir staatsubsidies aansoek te doen, moet die ouers sterker by die owerheid begin beding vir belastingkonsessies. Waar die ouers self die kinders laat opvoed, moet die belasting by hulle verminder word, aangesien

tans belastinggeld vir "staatskole" gebruik word.

Daar moet dus wegbeweeg word van "staatskole" sonder om weer te verval in "kerkskole" wat prinsipieël net so verkeerd is, omdat die kerk 'n ander opdrag as 'n skool het.

## Staat se taak

Gelowige ouers moet onbeskaamd volle verantwoordelikheid neem vir die skole. Drie groepe mense is hier van belang: die kinders wat die onderwys kry, dié wat dit verlang en die mense wat die onderrig gee. Dit is duidelik dat die staat nie 'n "onderwysverlangende" is nie. Die staat se taak is net om swaardorde te handhaaf, sodat die ander samelewingsverbande ordelik, rustig en met alle godsvrug en waardigheid hulle roepings kan nakom.

Die reformasie van die samelewing, veral dié van die staat se inmenging in die skool, is 'n geweldige groot opgawe. Teenstand sal daar wees, maar hoe gouer daarmee begin word, hoe beter kan die volgende geslag weer die reformasie verder voer as waarmee hierdie geslag begin het. Ons moet reformeer, altyd reformeer - ook die skool.

A.L.A. Buys

* * * * *

## Skrifoordenking:

## ANGELS VAN SKERPIOENE

Openb. 9:1-11. *"En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee... En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abaddon, en in Grieks het hy die naam van Apollion".*

## Donkerheid en lig

Hier word vertel van 'n ster wat op die aarde geval het. Hierdie ster is satan. Christus sê in Luk 10:18 dat Hy die satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val het. In Openb. 12 staan hoe die satan met die hemelvaart van Christus uit die hemel gewerp word. Hy kan nie meer in die hemel kom om die gelowiges aan te kla soos vir Job nie. Christus is nou in die hemel, daarom word die satan die engel van die onderaardse diepte genoem. Teenoor Christus wat vanuit die hemel optree, opereer satan vanuit die onderaardse diepte, die hel. Sy naam beteken Verderwer, want teenoor God, wat skep, staan die satan as die vernieteger en verderwer, wat God se skepping wil vernietig.

## Sleutel van die skag

Aan hom word die sleutel van die skag na die onderaardse diepte gegee. Hier sien ons alreeds dat die duiwel niks kan doen as God hom nie die mag daartoe gee nie. Satan kan net so ver gaan as wat God hom toelaat en nie verder nie. Dit is 'n groot troos vir ons as gelowiges in ons daaglikse lewe en stryd. Wanneer satan die skag oopmaak, kom daar rook uit die skag. Rook belemmer 'n mens se uitsig en verduister alles rondom jou. Verder belemmer rook jou asemhaling. Die betekenis van hierdie rook is dat die satan die mens se uitsig op die hemel wil belemmer en dat die mens gaan verstik in die duiwelse atmmosfeer wat op die aarde heers.

## Sonsverduistering

Hier by die vyfde trompet in Openb. 9 word die gees van die mens aangetas en nie net die liggaam van die mens soos by die eerste vier trompette nie. Die feit dat satan die uitsig van die mens wil belemmer, beteken dat hy hom met die gees van die mens besig hou. Dit blyk baie duidelik uit die son wat verduister word. Die son gee lig, maar rook verduister die lig van die son. As die son nie skyn nie, word dit nag en donker. So wil die satan die hemel dan ook al hoe meer vir die mens verduister, sodat hy die lig van God nie meer het nie.

## Sprinkane

Uit hierdie rookwolk kom sprinkane te voorskyn. Aan die een kant lyk hulle mooi met hulle goue krone, mensgesigte en pragtige lang hare. Maar aan die anderkant is hulle lelik, want hulle lyk soos diere met tande van leeus. Verder lyk hulle ook soos insekte met angels van skerpioene. Dan lyk hulle ook soos oorlogsperde. Die rookwolk wat die mens se uitsig op God belemmer en alles rondom hom donker maak, is die leuen

wat die satan versprei. Christus noem hom die vader van die leuen (Joh.8:44).

## Christus nie nodig?

Die leuen is dat die mens nie vir God en vir Christus nodig het nie. Hy kan vir homself 'n paradys op aarde skep met al sy uitvindsels, sy vernuf en tegnologie. Die sprinkane uit die afgrond is duiwelse geeste wat hierdie valse propaganda oor die hele aarde moet voer. Hulle staan teenoor die Heilige Gees. Die gees van die leuen is dan ook vandag die gees wat oor die hele aarde waai. Deur middel van die kommunikasiemedia, die pers, radio en televisie, word dinge partykeer so geplooi dat selfs die leuen na die waarheid lyk. Die algemene beginsel is: hoe meer jy die leuen as die waarheid verkondig, hoe meer sal die mense dit glo. Die wêreld soek na sensasie. Hulle soek afleiding uit hulle saai bestaan van eet, drink en werk. So word 'n aanslag op die gees van die mens gemaak.

## Seël op die voorkop

Daarom kry hierdie sprinkane ook hulle werk. Hulle moet die mense pynig en seermaak totdat hulle wanhopig is. Hiervoor het hulle die angel van 'n skerpioen. Dit sluit aan by die profesie van Joël 1 waar gesê word dat die dag van die Here 'n dag van verwoesting is wat deur sprinkane veroorsaak sal word. Sprinkane is dikwels die werktuie van die gerig van God. Net diegene wat die seël van God op hulle voorkoppe het, mag nie aangeraak word nie. Hierdie seël is die doop, die merkteken van God waarmee Hy sy kinders merk. Deur die geloof het ons as God se kinders Hom as Verlosser aanvaar. Hy het ons sondes versoen voor God en ons het vrede met God. God se vriendelike aangesig skyn op ons neer ter wille van Christus.

## Angel van die skerpioen

As ons in gedagte hou wat die afgelope tyd in ons land gebeur het, sal ons beter kan begryp wat hier bedoel word met die pyniging van die mensheid. Ons weet van massamoorde wat uit pure moordlus gepleeg is. Menselewens het in ons land goedkoop geword. Met die moord en roof het 'n soort angs-psigose mense vasgevat. Dit is die angel van die skerpioen wat steek. Die donkerheid wat deur die leuens van die satan oor die mensheid toesak, vind ook in ander lande plaas. In Nederland, eens 'n bastion vir Calvinisme, is daar miljoene mense wat God nie meer wil ken nie. Daar is in ons eie land baie Afrikaanssprkende mense wat as kinders die voorreg gehad het om God se Woord te hoor maar wat die rug op God gekeer het. Daar is duisende Afrikaners wat die seël van God, die doop, nie meer op hulle voorkoppe het nie. Die mens van vandag is alreeds vasgevang in die ystergreep van die sprinkane.

## Kommunisme

Nie alleen het 'n geweldige deel van die bevolking van die wêreld weggesink in die greep van die kommunisme en leuens wat verkondig is nie, maar die Westerse wêreld het die afgelope vyftig jaar plek gemaak vir liberale opvattings wat heeltemal wegbeweeg van God en sy Woord. Dit is alles die gevolg van 'n gees wat die mensdom beetgepak het wat aan hom sê dat dit of dat nie meer sonde is nie. Ons kan maar net dink aan byvoorbeeld Sondagsport, en die seksuele lewe van die mens wat soos dié van 'n dier geword het en wat deur ons koerante en tydskrifte vir sensasiedoeleindes aangebied word.

## Hoe lank?

Hoe lank die leuengees sal aanhou, weet ons nie. Nou is dit egter asof die donkerheid die mens al hoe meer beetpak. Teenoor die pyn wat die angels van die sataniese skerpioene veroorsaak, is daar die blydskap wat die Woord bring. Teenoor die donkerheid staan die lig van die Woord wat deur die Heilige Gees tot stand gebring is. Daarom moet ons die Woord van die Here gedurig ondersoek, lees, bestudeer en bepeins om daarin die nodige lig vir elke besondere dag van ons lewe te vind. Want daarin vind ons troos as dit donker word in ons harte, as ons worstel met die kwelvrae van die lewe. Ons moet hierdie lig oral laat skyn in die donker sondenag rondom ons.

**Ds. T.J.J. Kruger**

*****

# DIE WIT TEOLOGIE (Deel 2)

Ds. G.J. Kruger

## Kritiese uiteensetting van die leer

### Godsbeskouing: Leer oor die Drie-enige God

Die Wit Teologie erken en bely die Drie-enige God soos Hy Homself in sy Woord geopenbaar het. In 'n pamflet getiteld: "Belydenis van die gemeente van die verbondsvolk", word die Wit Teologie se belydenis aangaande God soos volg gestel: "Ons glo en bely die enige Almagtige Yahweh van Israel, die Almagtige van ons vaders, soos geopenbaar in sy Woord as Vader, Seun en Heilige Gees. Hy is die enige Skepper wat was en is en sal wees, die Almagtige. In Yahshua geopenbaar in die vlees as ons Verlosser en Middelaar, deur die Heilige Gees inwonend in ons lewe as Trooster en Waarheidsleraar".

Die Wit Teologie erken en bely dus dat God 'n Almagtige en Drie-enige God is soos Hy Homself in sy Woord geopenbaar het.

### Soewereiniteit nie gehandhaaf

Wat egter opmerklik is in hulle geloofsbelydenis aangaande God is dat God nie bely word as God, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde nie (Apostoliese Geloofsbelydenis), maar as "Yahwe van Israel, die Almagtige van ons vaders". Hier lê die kernprobleem by die Wit Teologie se Godsbeskouing. In teorie is daar niks verkeerd met hulle belydenis aangaande God nie, maar in die praktyk, soos dit in hulle geskrifte verder uitgewerk word, is dit baie duidelik dat die soewereiniteit van God oor sy ganse skepping, en daarom oor al die volkere, nie gehandhaaf word nie. God word nie bely as die God wat soewerein regeer oor die ganse skepping, oor alle mense en alle volke nie, maar God word gereduseer tot die "God van Israel, die God van ons vaders".

Ter beoordeling kan die volgende analoog getrek word: Die Wit Teologie maak net soos die Swart Teologie die fout om te veronderstel dat God aan hulle kant is (vgl. bv. die "Kairos-dokument" by die Swart Teologie en die geskrif "die Afrikaner, 'n unieke volk" by die Wit Teologie). Die Swart Teologie sê God is aan die kant van die armes en onderdruktes (swartes), die Wit Teologie sê God is aan die kant van die blankes (Israel). Die kern van die Evangelie, naamlik Jesus Christus se verlossing en bevryding van sonde, word aangetas. Beide die Wit Teologie en die Swart Teologie maak ook hier dieselfde fout: nie meer bevryding van sonde nie, maar by die Swart Teologie bevryding van vernedering en onderdrukking en by die Wit Teologie bevryding en verlossing omdat jou velkleur blank is.

Die Wit Teologie se velossingsleer begin altyd by die volk of ras, en nooit by die Evangelie van Jesus Christus nie. Nooit word kinderlik gelowig aanvaar dat alle mense doemwaardig gelyk as sondaarmense voor God staan nie. Nee, God sal jou red omdat jy 'n blanke Israeliet is.

### Verlossing deur 'Israelbloed'

By die Wit Teologie is die kernprobleem die ontkenning van die algenoegsaamheid van Christus. "In die laaste instansie is dit die Israelbloed in die are, in plaas van die Christusbloed aan die kruis, wat mense red". Daarin vertoon hulle 'n ooreenkoms met die rigtings waarteen Paulus (in Galasiërs en Kolossense) so sterk gewaarsku het. Ons Gereformeerdes aanvaar natuurlik ook nie 'n algemene versoening nie, maar ons bely onomwonde op grond van die Skrif dat Christus se soendood genoeg is om die sondes van die hele wêreld te versoen. (Straus).

Die Christologie, of die leer oor ons Verlosser Jesus Christus, word dus radikaal ingeperk tot die nakomelinge van die fisiese Israel. (Daar sal later breedvoerig oor die verlossingsleer van die Wit Teologie gehandel word).

By die Wit Teologie kom ook die Pneumatologie, die leer oor die Heilige Gees, nie tot sy reg nie. Die Gees wat soos die wind waai waar Hy wil (vgl. Joh. 3) word tot die fisiese Israel beperk. Die genadige werk van God die Heilige Gees op Pinkster, waar die Heilige Gees uitgestort is sodat al die nasies in hulle eie taal kan hoor van die groot dade van God (Hand. 2), word ontken deur die Wit Teologie omdat die Heilige Gees gereduseer word tot slegs Israel, slegs die blanke westerse protestantse nasies.

Die Wit Teologie se beskouing oor God is dus skeefgetrek omdat hulle leerstellings gegrond is op 'n kwasi-teologie. "Wit Teologie

maak hom juis daaraan skuldig dat die kern van die evangelie aangetas word. Jesus Christus word verwerp en die lewe onder die heerskappy van God word 'n onreg aangedoen" (Naudé).

## Raadsplan van God
## God se unieke plan rondom Juda en Israel

Die geskiedenis ontvou volgens die ewige, onveranderlike raadsplan van God. Die Wit Teologie stel dan dat God 'n unieke plan het wat strek vanaf die skepping van Adam tot aan die einde van die duisendjarige vrederyk (chiliasme) met die aanbreek van die ewigheid.

Die kern van die Wit Teologie se leer aangaande die raadsplan van God sentreer rondom die stelling dat die huis van Israel (tien stamme) en die huis van Juda (twee stamme) afsonderlik bly tot en met die wederkoms van Christus. In hierdie verband stel Neser: "Ons het gesien dat die Huis van Israel (tien stamme) en die huis van Juda (twee stamme) nog afsonderlik moet wees tot en met die wederkoms van Christus...Daarom moet hulle albei, die Twee Stamme (Juda en Benjamin) sowel as die Tien Stamme vandag nog uitkenbaar wees".

Neser gaan dan verder en stel: "Indien Satan daarin kan slaag om die Huis van Israel (die Tien stamme) te vernietig, of deur uitwissing of deur vermenging van hulle bloed, kan die herstel van Israel nie plaasvind nie, en kan Jesus nie terugkeer na die aarde om sy koninkryk te vestig nie. Satan kan dan nie gebind word nie en hy kan voortgaan met sy duister werk op aarde. Daarom stook hy die nasies van die aarde op teen die Blanke Christen-nasies van die Weste. Die venyn is op die oomblik op Suid-Afrika en Rhodesië gekonsentreerd. Dit is egter net die begin. Die mikpunt is die vernietiging of vermenging van die ganse Westerse Beskawing...Indien hulle daarin slaag, **kan** (my beklemtoning) Jesus nie Sy Duisendjarige Vrederyk oprig nie, want Sy Koningskap is beloof om oor Israel te wees".

(Om te sê dat Jesus Christus wat self God is, iets nie kan doen nie, is darem baie gewaagd. Daar bestaan nie vir God so iets dat hy nie kan nie. Deur dit te sê word die almag en soewereiniteit van God aangetas).

## Skakels in 'n ketting

Die Wit Teologie sien dan die gebeurtenisse in die geskiedenis soos skakels in 'n ketting. As die een skakel nie 'n werklikheid word nie (bv. dat Juda en Israel eers herenig moet word), verhinder dit die aanbreek van die duisendjarige vrederyk en kan Christus se wederkoms nie plaasvind nie. Daarom sê Hayes met betrekking tot die Afrikanervolk: "Ons geslag gee nie 'n flenter om wat van die Godsplan word nie. Ons steur ons nie daaraan of ons sy knegte is wat dit moet uitvoer nie - ons verroer nie 'n vinger as sy Naam ontheilig word nie, solank ons net hemel toe kan gaan".

## Skeiding tussen Juda en Israel

Die Wit Teologie maak ook veel daarvan dat daar in die Bybel 'n radikale onderskeid gemaak sou word tussen Juda en die tien stamme van Israel, en dat die afstammelinge van die tien stamme geen aandeel gehad het aan die verwerping en kruisdood van Jesus Christus nie, soos blyk uit veral Neser se geskrifte.

Die absolute skeiding tussen Juda en Israel wat deur die Wit Teologie gemaak word, kan egter volgens die Skrif nie gehandhaaf word nie. In Handelinge 2:22-23 byvoorbeeld, praat Petrus met die Jode (Juda) en dan noem hy hulle "Israeliete" en sê verder dat hulle (die Israeliete) Jesus gekruisig het. Ook in die Ou Testament word Juda soms as Israel (en omgekeerd) aangespreek. Die profete Jeremia en Esegiël dui byvoorbeeld na 722 voor Christus (die datum van die wegvoering van die tien stamme) in hulle profesieë Juda as Israel aan (vgl. Jer. 2:31; 5:15; 10:1; 14:8; 17:13; 18:6). Dit is ook opvallend dat Esegiël die Judese ballinge in Babel verskillende male as Israel aanspreek (Eseg. 11:5; 17:2 en 20:27).

Die Bybel ken dus nie so 'n radikale skeiding tussen Juda en Israel nie, maar handhaaf wel 'n onderskeid. Dit is ook opvallend dat in die Nuwe Testament met 'Israel' meermale al twaalf stamme bedoel word (vgl. Jak.1: 1).

## Die stryd om die hede

Omdat die uitvoering van die raadsplan van God vlot moet verloop, is die hede 'n baie belangrike skakel in die raadsplan van God. Die hede word deur die Wit Teologie gesien as die tyd waarin die onvervulde profesieë vervul sal word.

Die stryd om die hede in die Wit Teologie se denke kom in essensie op die volgende neer: Die hele menslike geskiedenis vanaf Adam word deur 'n stryd om heerskappy gekenmerk. Dit is 'n stryd tussen God en Satan en daarom is dit ook 'n sigbare stryd op aarde tussen die familie of kinders van God en die familie of kinders van die Satan. Die belangrike vraag wat deur die Wit Teologie gevra word is: wie is die kinders van God en wie is die kinders van Satan? Hierop word geantwoord: die kinders van God is Adam, wat Israel genoem word en die kinders van Satan is Kain, wat Jood genoem word. Interessant is die "bewys" hiervoor wat Swart in sy boek "So spreek die Woord" uit Judas 6 en 7 aanbied: "In beginsel was die engele geestelike wesens en manlik. As hulle hul eie beginsel verwerp of verlaat het, kon hulle dus vleeslike en vroulike vorme aangeneem het, of sommige manlik en ander vroulik. So het hulle dan "op dieselfde manier as die mense van Sodom", "gehoereer en agter vreemde vlees aan geloop".... en 'n nageslag verwek wat amper soos mense gelyk het en van wie die argeoloë deesdae skedels en beendere opgrawe om die sogenaamde "vermiste skakels" in hulle sogenaamde "ewolusieteorie" te ontdek". (Teenoor hierdie beweringe van Swart leer die Skrif egter in Mattheus 22:30 dat die engele nie trou nie, en nie kan voortplant nie.)

## Beeld van God

Swart gaan dan verder en sê: "Hierdie benadering verklaar ook die enigsins vreemde bewoording van Genesis 1:26 toe God gesê het: Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis....wat suggereer dat daar mense was wat nie na die beeld en gelykenis van God was nie...Dit verklaar ook die opdrag in Gen. 2:15: toe die Here God die mens in die tuin van Eden gestel het om dit te bewerk en te bewaak. Teen wie moes hulle dit bewaak anders as teen die nageslag van die gevalle engele - die kinders van die Bose?". En dan kom Swart tot die koddige slotsom: "Satan het moontlik ook nog verduidelik dat "leer ken" en "beken" dieselfde is want: Genesis 3:13...en die vrou antwoord: Die slang het my bedrieg... Uit hierdie bedrog en verleiding en die feit dat Adam sy vrou beken het, is 'n tweeling gebore: Kain as die kind van die Bose en die eerste mensemoordenaar, en Abel die kind van Adam en van die geregtigheid. Vergelyk die sinsnede in Genesis 4 vers 2: "Daarna het sy ook sy broer Abel gebaar". Tog het die mens sy vrou Eva net een keer beken!". Hierdie siening van die Wit Teologie word verder gegrond in die woord van 1 Joh. 3:12: "Moenie soos Kain wees nie. Hy het aan die Bose behoort en sy broer vermoor". Kain word hiermee beskryf as die werklike vleeslike kind van Satan. Sommige voorstanders van die Wit Teologie soos die beweging "Studiegroep Aktueel" in Windhoek beskou ook vir Esau as die fisiese kind van Satan, omdat hy en Jakob reeds in die moederskoot in stryd met mekaar was. Daarom word gesê: "die saad van die slang en die draer van die saad van die vrou het binne-in dieselfde baarmoeder beland!". Die Wit Teologie sê ook dat die addergeslag in Mattheus 3:7 die geslag van die duiwel is, hulle is "kinders (fisies) van die duiwel" (Burger). Hulle is die slanggeslag en dit is die Jode. (By party skrywers is dit sommer al die nie-blanke nasies.)

## Wêreldheerskappy

So het die stryd ontstaan tussen die Jood en die ware Israel. Vir die Wit Teologie is hierdie stryd belangrik vir die hede, omdat volgens die onvervulde profesieë hierdie stryd nou, in vandag se tyd, 'n felheid sal bereik wat beslissend sal wees vir die raadsplan van God. Die Studiegroep Aktueel Windhoek (Die Raadsplan van God soos aangehaal deur Naudé, 1989) stel dit soos volg: "Die aard van hierdie stryd is dat die Jood as nageslag van Satan na wêreldheerskappy strewe. Dit is die Jood wat die leuen geskep het dat die Sionistiese Jood die volk van God is en onaantasbaar is. Die ware Godsvolk, naamlik Israel, die Witman in Suid-Afrika, word deur die Jood as uitvaagsels beskou. Om simpatie vir die Jood by oningeligte Westerlinge te wek, word die leuen vertel dat ses miljoen Jode in die gaskamers van Hitler vermoor is. Dit word gedoen terwyl die Jood in werklikheid besig is om beheer te verkry oor die meeste regeringstelsels. Hulle beheer die kapitalisme, kommunisme, pers, die rolprentwese en die televisie. Hulle gebruik slagspreuke soos humanisme, vryheid, vrede, gelykheid, dialoog, konsensus, broederskap, geregtigheid en menseregte met die oog op die skepping van 'n teelaarde vir rassevermenging en die verbastering van die volk van God".

Die Wit Teologie lê egter ook nog klem op die tweede aspek van die stryd in die hede. Die volk van God (blanke Westerlinge) verkeer ook in 'n stryd met die swartes. Op hierdie aspek het veral Hayes (omtrent in elke geskrif van die Wit Teologie word hierop ingegaan) baie klem gelê in sy boek getiteld

"Die lewendes en die dooies". Hayes sê dan die volgende: "Die mens, wat God geskape het, se naam was Adam en hy was Blank, want dit is wat "Adam" beteken. Let asb. daarop dat dat die woord "beeld" verwys na fisiese beeld en nie morele beeld nie. Die Companion Bible bl. 4 sê dit verwys uitsluitlik na die liggaam en nie na eienskappe nie. God is Blank. Daar is meer as 30 biologiese en anatomiese verskille tussen Blankes en Swartes. Swartes is nie Homo Sapiens nie. Hulle word wel so geklassifiseer. Selfs ons bloed verskil van die Swartes se bloed en hierdie feit, dat hul bloed verskil, is die bewys dat hulle nie mense is nie, want alle mense (Adamiete) het dieselfde bloed (Hand. 17:26). Al die onkunde en verwarring word deur Satan uitgebuit om ons uit te wis".

### Swartmense nie mense?

So probeer die Wit Teologie met allerlei teorieë bewys dat die swartmense nie mense is nie, maar diere. Die swartes is dan ook die kinders van die Bose, die sogenaamde onkruid (Mat. 13) wat deur Satan gesaai is. Daar is egter wel sommige voorstanders van die Wit Teologie soos die 'Studiegroep Aktueel' en Neser wat hierdie teorieë verwerp en aanvaar dat die swartman 'n mens is.

Oor die algemeen gesproke verkondig die Wit Teologie dat die profesie van Jesaja 18:6 in die hede vervul word. Jesaja 18-6: "Die ranke word oorgelaat aan die roofvoëls uit die berge en aan die wilde diere" word só verklaar dat die wingerd waarvan hier sprake is, die witman is, wat verniel sal word deur die swartman wat die wilde diere is. Voorbeelde wat genoem word, is dat die swartes weier om huishuur te betaal, terwyl die witman hiervoor moet instaan (vgl. Hayes, s.a.(1):54). Skole en boeke word verbrand, onderwysers en parlementslede moet betaal word en die swart skare moet onderhou word. Die vervulling van die profesie van Jes. 18:6 word saamgevat in die woorde: "Sonder om 'n skoot te skiet, met vuurhoutjies en buitebande neem 'n totaal onderontwikkelde ras se ongeletterde kinders die beheer oor by slim geleerde doktors en professors, by 'n volk met die sterkste weermag in Afrika" (Hayes).

Die beskrywing van hierdie stryd in die hede bring 'n denkrigting na vore wat totaal onbybels is en nog erger: dit druis in teen die wese van God. Wanneer die Wit Teologie die oorname van die land deur die swartman beskrywe, dan sê Hayes: "God gee dit aan hulle", en verder stel hy in die skerpste taal "dat God die swartes in ons huise plant om informasie na die vyand naamlik die ANC en UDF te stuur! God gaan swartes gebruik om te saboteer en inligting na die vyand te stuur, want twee-derdes van die volk moet sneuwel". Die hongersnood van Afrika word deur die Wit Teologie gesien as deel van die Godsplan om die eindtyd te verhaas en om die witman van totale uitwissing te red. Volgens 'n onvervulde profesie (Eseg. 38:5) word deur die Wit Teologie gestel dat Afrika op die Witman in Suid-Afrika sal toesak, maar die massas sal nie krag hê om so ver te loop nie. Daarom word die juigkreet deur Hayes geuiter: "Prys die Here vir die hongersnood in Afrika!".

### Beoordeling van die Wit Teologie se leer oor die raadsplan

Met die bogenoemde stelling van Hayes word dit baie duidelik wat die resultaat van die handhawing van hierdie **skeefgetrokke** ewige, onveranderlike raadsplan van God is. In hierdie verband stel Naudé met betrekking tot die Wit Teologie: "Die geskiedenis beweeg in 'n vaste baan. Dit het 'n vaste beginpunt en 'n vaste eindpunt. Die datum van hierdie vaste eindpunt of wederkoms van Christus kan daarom ook bepaal word. Verder het die geskiedenis 'n vaste verloop en is gebeurtenisse bepaal, sodat die daad van die mens as God se daad verstaan word. Hiermee word God die outeur van die sonde gemaak en word die verantwoordelikheid van die mens vir sy beslissings en optrede misken. Hierdie beskouing doen 'n onreg aan God: God word met die mens gelykgestel en die mens word met God gelykgestel!"

Die absolute, onveranderlike raadsplan van God soos wat dit by die Wit Teologie geleer word (lw. skeefgetrokke by die Wit Teologie), tas die soewereiniteit van God aan. God se vrye wil en beslissing word onveranderlik gebind aan 'n vaste raadsplan, so asof God se raadsplan 'n bloudruk is waarvan Hy, die soewereine God, afhanklik is en waaraan Hy moet voldoen en waaraan Hy dus ondergeskik is.

So verstar God en kan Hy vanuit die verloop van die geskiedenis bevraagteken word. Hayes maak juis die skreiende opmerking dat "as daar nie 'n suiwer oorblyfsel van Israel in die suidpunt van Afrika is tydens die Wederkoms nie, sal God 'n leuenaar wees, want dan kan

Sef. 3:10 nie vervul word nie". As die geskiedenis nie volgens die Wit Teologie se weergawe van die raadsplan van God in 'n voorafbepaalde patroon of raadsplan verloop nie, dan word God bevraagteken!

Ter beoordeling van bogenoemde siening van die Wit Teologie oor die raadsplan van God kan aan die hand van 'n paar Skriftekste die volgende gemeld word: Dit is waar dat die lewende God onveranderlik is (Jak 1:17; Ps. 102:27,28; Jes. 41:4; Mal. 3:6; Heb., 1:11). God is onveranderlik in sy Wese. In Exodus 3:14 openbaar die Here Homself as "Ek is wat Ek is". Die kerk het dan ook van die begin af bely dat God in sy wese, eienskappe, woord en daad altyd God bly.

Dit is ook waar dat God se raad of raadsplan onveranderlik is, en dit gee aan die nietige mens troos en verskaf aan hom geborgenheid. "Die planne van die Here staan vir alle tye vas, sy besluite van geslag tot geslag" (Ps, 33:11). As die Here van die leerskare besluit het, sal niemand dit kan verydel nie (Jes. 14:27, vgl. 46:10; Spr. 19:21; Heb. 6:17). Maar wat die Wit Teologie nou doen is om alles wat hulle dink en sê, alles wat hulle uit hulle verbeelding opdiep, toe te skryf aan die raadsplan van God. So word die Wit Teologie se leerstellings en gedagtes sommer God se raadsplan gemaak. Daarom is hierbo melding gemaak van die skeefgetrokke raadsplan waaraan die Wit Teologie vashou. Die Here is onveranderlik en Hy het 'n vaste raadsplan gegee waarin Hy oor alles wat met die mens en met die hele wêreld gebeur en sal gebeur, regeer. Maar dit bly God se raadsplan waaroor Hy beskik en Hy alleen weet wat die inhoud van sy raadsplan is. Vir die mens is God se raadsplan verborge, behalwe wat God gewil het om uit genade aan ons te openbaar in sy Heilige Woord. God het nie sy Woord, die Bybel, gegee om daaruit presies sy raadsplan af te lei nie. Nee, God het sy Woord gegee omdat Hy Homself aan die mens daarin wil openbaar. Die Bybel is dus openbaring van God, en nie primêr openbaring van God se raadsplan nie, en allermins 'n volledige openbaring daarvan om die mens se nuuskierigheid te bevredig.

## Bybel as handboek

Die primêre fout van die Wit Teologie is dat hulle uit die Bybel God se raadsplan presies wil aflees soos uit 'n futurologiese handboek. Vir die Wit Teologie is die Bybel dus bestem om hierdie voorafbepaalde plan bekend te maak. Omdat God ewig en onveranderlik is, is hierdie plan ook onveranderlik. Die Bybel is volgens die Wit Teologie dan noukeurig rondom hierdie Godsplan opgebou en skakel volkome ineen. Elke woord "pas net op daardie plekkie waar dit oorspronklik geskryf is..." (Hayes).

'n Biblisistiese rekonstruksie van hierdie "raadsplan" word dus uit die Bybel gemaak. Dit word weer op sy beurt deur die Wit Teologie as die verklaringsmodel gebruik van waaruit die samehang en betekenis van die Bybel afgelei kan word. Hierdie samehang van die Bybel is egter vir die Wit Teologie niks anders as die blanke identiteit nie. Waar die Bybel self by herhaling aandui dat dit in die skepping uiteindelik gaan om die eer en verheerliking van God, die Skepper van dit alles; om die deelname van die volle skepping met sy volle verskeidenheid en magdom van nasies aan die lofprysing van God, word alles deur die Wit Teologie verabsoluteer tot slegs die uiteindelike heil van die blankes. Die Bybel word ook in 'n "plan" ingeforseer wat nêrens in die Bybel self bestaan nie. Om vanuit die volgorde van die Bybelboeke so 'n plan te wil aflei is 'n futiele poging, soos al by herhaling bewys is.

Dit is nie na een of ander plan nie, maar na die wil van God, waarna die gelowige in die Bybel moet soek.

## Die Name van God

Die Wit Teologie gebruik nie die Name van God soos Here, Jesus en Christus nie, want "die woord 'Here' is nie 'n naam nie en beteken maar net 'meneer', 'Meester', 'baas' of 'Baal', 'n 'afgod'" (Steenkamp).

Veral Steenkamp het Hom sterk uitgespreek teen die vertaalde gebruik van die Naam van die Here. In 'n boekie getiteld "Laat U Naam geheilig word" stel hy dat die Skepper Hom aan sy Hebreeus-sprekende volk geopenbaar het as Yahweh. Moses en die ander Bybelskrywers het dan ook in die Hebreeuse skrifkarakters sy Naam geskryf. Daarom sê Steenkamp: "Kom weg van vervalste Name van ons Skepper wat ons nie kan identifiseer na die Hebreeus nie. Elke kweekskoolstudent weet dat hy daar van Yahweh praat, maar as hy op die kansel klim is dit "Here" wat niemand kan regverdig nie want as hy nou wil Afrikaans praat kan hy mos van ons Almagtige, ons Vader, ons Verlosser, ons Losser of van die gesalfde praat. Maar SY NAAM IS YAHWEH en die Verlosser is YAHSHUA - Yahweh verlos!".

## Name nie vertaalbaar

Steenkamp maak dan verder die saak uit dat dit absolute sonde is om die Naam van die Here vertaald te gebruik. "Yahweh is 'n eienaam en geen mens het die reg om hierdie Naam te verander of te vertaal nie. In ons Afrikaanse Bybel is dit vertaal met HERE, afkomstig van die woord LORD in Engels. Nou weet ons dat Here geen naam is nie. Dit word gebruik as 'n titel ook vir mense...In die Nuwe Testament word die Griekse woord Kurios = Lord = Here gebruik. Dit is ook geen naam nie. Tussen die Ou en Nuwe Testament is daar ook verwarring in die Afrikaans, want Yahweh en Kurios word albei vertaal met Here".

Myns insiens is dit dus vir Steenkamp 'n probleem dat die Hebreeuse Yahweh in die Ou Testament, vertaal is met die Griekse Kurios in die Nuwe Testament. Die geïnspireerde skrywers van die Nuwe Testament het dus 'n fout gemaak om die Hebreeuse Yahweh te vertaal. Dit is dus duidelik dat Steenkamp as verteenwoordiger van die Wit Teologie nie die taal waarin die Nuwe Testament (Grieks) geskryf is, wil aanvaar as dit rondom die Naam van die Here handel nie.

Steenkamp sê self: "Die volgende Naam wat in gedrang kom is die Naam van die Seun van God. 'Jesus' kom van die Griekse begrip 'Iesous' en beteken 'verlosser'. Dit is eerstens onmoontlik dat die Engel met Maria Grieks sou praat. Die Naam sou in Aramees/Hebreeus wees. Matt. 1:21 'En jy moet hom Yahshua noem, dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos' - SY VOLK, NIE ALMAL NIE" (beklemtoning G.J. Steenkamp).

Dan gaan Steenkamp verder en gee die Jode die skuld dat die Naam van God so verander is. Die Jode het glo 'n groot rol gespeel in die verandering vanaf Yahoshua na Yeshua na Jesohu na Iesou na Jesus = Verlosser. "Die Jode vorm die naam in die uitspreek tot 'n vloek van die naam. Hoe geweldig is die spel van Satan!".

Ook oor die Naam Christus het Steenkamp beswaar, want die Hebreeuse Naam is Messiah = Yahweh is Gesalfde of Heerser, en die Naam Christus is oorgeklank uit die Grieks en beteken slegs "Gesalfde". "Ons sien dat ook hier die Heilige Naam weggeneem is".

## Inkonsekwent

Interessant is hier dat die fout nie by die Afrikaanse Naam Christus lê nie, maar alreeds by die Griekse Naam "Christos". Sou Steenkamp dus die feit dat die Name van die Here en van sy Seun Jesus Christus in die Grieks vertaal is, verwerp? Wie dit doen tas die inspirasie van die Heilige Gees aan, want die Heilige Gees het die Griekse skrywers van die Nuwe Testament geïnspireer om ook die Eienaam van ons Verlosser in Grieks te skryf en nie in Hebreeus nie. Steenkamp sluit dan sy betoog af en sê dat dit by die doop nodig sou wees om die Name Yahweh en Yahshua te gebruik omdat "Vader" en "Seun" volgens hom bloot titels is. Die woorde van Mattheus 28:19 moet dan seker so lui: "doop hulle in die Naam van Yahweh, en Yahshua en die Heilige Gees". Dit is merkwaardig dat Steenkamp nie die Hebreeuse Naam vir die Heilige Gees gebruik nie!

★★★★★

## Boekresensie:

**Kersfees, Paasfees, vanwaar - waarnatoe?**

**Jeanette Erasmus, 1995**
**Bewaar my Woord-Aksie, Posbus 13816, Sinoville 0129**
**Prys R10. 53 bladsye.**

In 'n tyd waar die kommersialisering van Kersfees hoogty vier, is hierdie boek 'n baie gepaste uitgawe. Dit gee 'n perspektief op Kersfees wat nuut en vars is in die gereformeerde wêreld.

## Formeel

Die boek is verdeel in sewe hoofstukke, waar die eerste vier handel oor die heidense agtergrond van die ontstaan van Kersfees en Paasfees. Die laaste hoofstukke handel oor die Bybelse gegewens oor die dood en opstanding van die Here Jesus. In die slothoofstuk word stimulerende vrae gevra ten einde gelowige mense tot die oortuiging te bring om die huidige Kersfees- en Paasfeesviering te herevalueer. Die boekie is van 'n volledige sakeregister en 'n mooi voorblad voorsien, asook 34 foto's en insiggewende sketse.

Die inhoud van die boek is redelik goed nagevors, ten spyte van die feit dat hoofsaaklik op twee bronne gesteun word naamlik: Alexander Hislop se *The two Babilons or the Papal worship proved to be the worship of Nimrod and his wife* (1916) en Shaun Willcock se nuwe boek *The pagan festivals of Christmas and Easter* (1992). Ongelukkig word meermale te veel gemaak van naamverklarings en word die kronologie van die ontwikkeling van heidense godsdienste nie regdeur goed weergegee nie. Nieteenstaande die twee kritiekpunte is die groot beginsel - dat alle afgodsdienste die diens aan satan is, waarvan weggevlug moet word - goed gestel en uit die Skrif aangetoon.

## Inhoudelik

Die boek wil die volgende drie stellings beredeneer: dat Kersfees- en Paasfeesviering hul onstaan in 'n suiwer heidense konteks het, dat die kerk van Christus geen sodanige opdrag het om dit te vier nie, en dat Kersfeesviering 'n baie sterk Roomse karakter dra.

Die Rooms-Katolisisme het dwarsdeur al die eeue die heidense gebruike oor die wêreld in sy stelsel opgeneem en van 'n Christelike gewaad voorsien (p.6). Hoofstuk 2 is die mees interessante aangesien daar op die heidense wortels van die Kersfeesgebruike gewys word. Iemand wat nog altyd gewonder het oor waar presies verskillende populêre gebruike ontstaan het, sal hier 'n antwoord kry. Gebruike soos die kersboom, kerse, die son onder die "mistletoe", die tradisionele kersfeeskos, Kersvader en -geskenke, asook die kerskous en -liedere word goed bespreek.

Oor die invloed van die kersboom en kersvader op kinders sê die skryfster tereg: "Hierdie 'santa' of 'father Christmas' word as 'n god voorgestel: ewig, goed, alwetend, alomteenwoordig en almagtig" (p.18). Kersfees, so word aangetoon, is nie 'n spesifiek christelike fees nie: "Kersfees word deur die wêreld bemin. Humaniste, Roomse, agnostici, liberaliste, selfs ateïste en ander heidene en veral handelaars, neem almal met vreugde aan die fees deel, want dit is deel van hierdie wêreld" (p.25).

Daar word dikwels gepraat van "goeie Vrydag" as die dag van die kruisiging. Indien "goeie Vrydag" die regte benaming sou wees, dan kon Christus nie drie dae en drie nagte in die graf gewees het soos die Skrif sê nie (Matt. 12:40). Die Skrif-eksegese oor die feit dat Christus drie dae en drie nagte in die graf was (hoofstuk 3), is baie goed en ontbloot die mite van die benaming "goeie Vrydag".

Hierdie boek bring sake aan die orde waaroor die meeste Christene nog net nie gedink het nie. Die feite op die tafel bring die vraag na vore: as Kersfees dan 'n heidense agtergrond het, waarom vier ons dit dan nog. Die skryfster slaag ook daarin om teenargumente (soos dat dit lankal nie meer die bedoeling van opregte gelowiges is nie) met stewige argumente te troef. Erasmus vat die huidige siening van die meeste gereformeerdes oor Kersfees goed saam: "Menige Gereformeerdes sal sonder skroom hom openlik uitspreek teen die Roomse en heidense gebruike, maar as dieselfde gebruike in hulle huise of familie of kerk gehou word, swyg hulle. Solank as hulle die stelsel as iets daar buite beskou, is hulle bereid om uitsprake te maak, maar as dit beteken om iets te veroordeel wat hulle self doen, sprak hulle geen sprook nie ..." (p35).

Die boek "Kersfees, Paasfees, vanwaar - waarnatoe?" roep Skrifgetroue gelowiges tot verantwoording oor die gewoonte van Kersfees- en Paasfeesviering, veral met betrekking tot ons getuienis teenoor ons kinders en heidene. Die boek word sterk aanbeveel en hopelik sal dit lei tot 'n dieper bewustheid dat geloof uit al die dade van die gelowige moet blyk. 'n Nuwe debat oor hierdie saak in die kerke sal net positief wees.

*****

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..........

Adres: ..........

..........

..........

Poskode: ..........

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ..........

Datum: .......... Handtekening: ..........

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS